

# **'N BLIK OP DIE VOORTREKKERMONUMENT**

deur

**prof. FAH van Staden**

Op 16 Desember 1938 is die hoeksteen van die Voortrekkermonument te Pretoria gelê, wat elf jaar later op 16 Desember 1949 deur die Eerste Minister van die destydse Unie van Suid-Afrika, dr. DF Malan onthul is of soos dit ook gestel word, ontsluit is. Daar is oor Suid-Afrika heen vele monumente, kleiner en groter, ter huldiging van die Voortrekkers opgerig, maar in die volksmond is daar net een monument wat die naam dra "Voortrekkermonument" en soms selfs net Monument vir dïe wat weet. So staan die kolossale gebou op Monumentkoppie, sigbaar van heinde en ver besig om wag te hou oor 'n republiek en 'n Voortrekkernageslag.

Hier, voor nog 'n Geloftedag is dit 'n wesenlike vraag of hierdie nageslag meer weet van hierdie monument as net dat dit die Voortrekkermonument is? Te veel van hierdie nageslag gaan helaas só ongeërg met die geskiedenis van die Voortrekkers en die Afrikanervolk om, dat die vraag gestel, beslis nie positief beantwoord kan word nie. Daarom word hiermee beoog om 'n blik te werp op die Voortrekkermonument.

## **Die gedagte aan 'n monument**

Dr. EG Jansen, 'n eertydse Speaker van die Volksraad, Minister en Goewerneur-Generaal van die Unie van Suid-Afrika deel mee dat die gedagte aan 'n gedenkteken ter ere van die Voortrekkers reeds op 16 Desember 1895 te Bloukrans, Natal gebore is toe genl. Piet Joubert die hoeksteen van die monument aldaar opgerig, gelê het. Daar is selfs 'n komitee benoem.

Gedurende 1909, toe 'n komitee gevorm is om fondse in te samel vir die terugkoop van die Voortrekkerkerkie te Pietermaritzburg, is die gedagte weer geopper en selfs op 16 Desember 1912 toe 'n groot viering by die kerkie gereël is, beplan om saam met die Staat die gedagte te verwesenlik.

Ongelukkig het die Eerste Wêreldoorlog die gedagte in die vergetelheid gewerp. Eers op 4 April 1931 by 'n kongres van verteenwoordigers van belanghebbende organisasies te Bloemfontein deur die FAK gereël, is die gedagte weer in herinnering geroep. Hier is 'n verteenwoordigende Sentrale Volksmonumentekomitee saamgestel onder voorsitterskap van adv. (dr.) EG Jansen. Die Komitee se opdrag was om 'n waardige monument ter ere van die Voortrekkers op te rig, wat reeds op 16 Desember 1938 onthul sou word. Ongelukkig het die depressie van 1933 met sy verarmingsnadraai fondsinsameling gekortwiek.

Toe die regering egter in 1935 te kenne gegee het dat hy aandeel wil hê in die saak as van "nasionale belang", het die SVK ingestem tot samewerking om die oprigting van twee monumente te voorkom. Die SVK is vergroot tot 27 lede met regeringsverteenvoordigers en sou 'n pond vir pond bydrae lewer tot die fondse wat die SVK insamel.

## **Die keuse van die plek**

Op 25 Junie 1936 het die SVK 'n onderkomitee onder leiding van adv. (dr.) Jansen aangewys om die geskikte plek vir 'n Voortrekkermonument te kies. Een van die lede was (dr.) G Moerdyk, wat as argitek aangestel is. Nie minder as twaalf terreine het aanspraak gemaak nie, te wete Pietermaritzburg, Weenen, Danskraal, Bloedrivier, Thaba Nchu, Bloemfontein, Winburg, Vegkop (Heilbron), Potchefstroom, Ohrigstad en Pretoria.

Die onderkomitee het elke terrein besoek en teen mekaar opgeweeg ten opsigte van terrein, bodemgesteldheid, water, elektrisiteit, sanitasie, bereikbaarheid, historiese aanspraak en ander. Pretoria, gestig in 1855 deur MW Pretorius, seun van die held van Bloedrivier, Andries Pretorius en na laasgenoemde vernoem, sou die plek word. Dit was die administratiewe hoofstad van die Unie, maar voor dit die laaste hoofstad van die Zuid-Afrikaansche Republiek onder pres. Paul Kruger. Hier het die Voortrekkers as't ware 'n middelpunt gevind na al hul omswerwinge.

G Moerdyk het die koppie gekies, waar die monument sou verrys. Van baie kante bekyk, het dit geblyk die plek te wees waar die monument die sigbaarste sou wees. Die Voortrekkergebou sou 'n groot en hoë gebou wees met 'n besondere vorm en versier met die Voortrekkereskiedenis.

## **Die hoeksteenlegging**

Die hoeksteen is gelê op 16 Desember 1938. Aanvanklik sou dit gelê word deur die Eerste Minister genl. JBM Hertzog, maar toe politieke suurlemoensap deurgeloopt het, het hy onttrek. Dit is toe opgedra aan drie Afrikanervroue as nasate van die Voortrekkerleiers. Hierdie drie dames was mev. KF Ackermann, afstammeling van Hendrik Potgieter, JC Muller, afstammeling van Andries Pretorius en JC Preller, eggenote van die historikus Gustav S Preller en afstammeling van Piet Retief.

## **Ossewaens en Fakkelloop**

Die ossewa, gebou in die vorm van 'n skaap se kakebeen en vandaar bekend as kakebeenwaens, met vol wittent was die hoofvervoermiddel van die Trekkers. Dit was sy huis, die vrou se kraamsaal, met die Woord in die voorkis, die beskermmiddel teen die elemente.

Dit is besluit dat ossewaens gebou sou word, wat vanaf Kaapstad oor die lengte en breedte van Suid-Afrika en selfs Suidwes sou trek. Daar was vyftien trekke. Die ossewaens is vernoem na Trekkerleiers en Trekkervroue soos Piet Retief, Andries Pretorius, Hendrik Potgieter, Magrieta Prinsloo, Vrou en Moeder, Johanna van der Merwe, Sarel Cilliers, Louis Trichardt om enkele te noem. Die waens is gebou deur die Gebroeders Jonker se meubelmakers te Knysna. Verder was daar nog 'n ou veteraan van die slag van Bloedrivier, in bewaring van PU vir CHO en by Bloedrivier die Maritz-Laaswa met "Bloedrivier" geskryf oor sy tent as nog 'n veteraan.

Hierdie simboliese ossewatrekke was die reëling van die ATKV. Die hooftrekke was Henning Klopper, later LV vir Parys en Speaker van die Volksraad. Hy het tot sy dood

koers gehou as Afrikanernasionalis op die pad van Suid-Afrika. Hy was deur 'n aantal persone bygestaan as leiers van die verskillende trekke soos oom Tienie en tannie Van Schoor, Kachelhoffer, A Louw en ander.

Hierdie ossewatrekke deur stede, dorpe en die platteland het die siel van die volk aangegryp en honderde duisende feesgangers getrek. Oral is die Voortrekkergelofte deur die honderde duisende op hulle geneem. Hulle het deel geword van die Gelofte en 'n nageslag gebind. Dit verbaas daarom dat soveel vandag sommer net so onnadenkend in hulle liberalisme kan verklaar dat hulle nie nageslag is wat deur die Gelofte gebind word nie. 'n Volk het vir 'n wyle opgestaan, want toe het die Tweede Wêreldoorlog die volk oorspoel.

Saam met die ossewatrek is ook 'n fakkelloop landwyd gereël. Die hoofkassel is deur die hoofleier van die Voortrekkerbeweging in Kaapstad aangesteek en vlam is verdeel oor baie roetes. Deur stede, dorpe en oor die ver paaie van die platteland is fakkels deur Voortrekkerseuns en -dogters gedra om uiteindelik by Monumentkoppie saam te trek. Skrywer hiervan was self bevoorreg om die fakkels te help dra het op die paaie verby die Piet Retief- en geselskapmonument te Umgungundlovu op na Bloedrivier en deur Utrecht vir oorname deur die Voortrekkers van Newcastle.

Onvergeetlik beskryf GD Scholtz in sy biografie van die groot Afrikanerrepublikein dr. NJ van der Merwe, hoofleier van die Voortrekkers, die menslik gesproke te vroeg gestorwe in 1940 op net 52 jarige ouderdom, die aankoms van die fakkels op Monumentkoppie: "uit die duisternis tree die forse figuur van Van der Merwe. Agter hom kom jong Suid-Afrika - gereed en toegerus vir die toekoms wat op hom wag." 'n Vlam is ook by UP in bewaring gehou. Sou dit nog brand?

### **Die monument verrys**

Deur die Tweede Wêreldoorlog heen, wat die volk in twee geskeur het, het G Moerdyk, die argitek met WF du Plessis as die hoofbou-aannemer die monument stap vir stap voltooi. Dit sal 'n artikel op sy eie wees om die Monument te beskrywe. Voor is die reuse moederbeeld met haar twee kinders gebeeld deur die beeldhouer, Anton van Wouw. Op elkeen van die vier hoeke is daar 'n beeld van Piet Retief, Hendrik Potgieter, Andries Pretorius en die Onbekende Voortrekker respektiewelik. Die hoofdeur is twee swaar houtdeure wat toegang verleen tot die Ondersaal met die senotaaf, waarop die woorde "ons vir jou Suid-Afrika" uitgebeitel is. Die Monument is só beplan dat die son om presies twaalfuur deur 'n gaatjie in die dak op die woorde op die senotaaf skyn. Met die sinodesitting van die NG Kerk, Transvaal 1954, het dr. Moerdyk die sinodegangers genooi om die Voortrekkermonument te besigtig en was ons tot op die dak toegelaat waar ons deur die gaatjie kon loer. Toe 'n ouderling so ewe vra hoe hulle dit reggekry het om die gaatjie so presies te kry, het 'n spitsvondige dominee geantwoord dat die gaatjie altyd daar was en dat Moerdyk die monument daaromheen gebou het!

Verder is daar die Helvesaal met 27 marmerfriese, waarop die Voortrekkergeskiedenis uitgebeitel is, teen die mure aangebring. Onder die beeldhouers tel Hennie Potgieter, mej. L Postma, dr. P Kirchhoffer en F Kruger. Die onderkomitee wat verantwoordelik vir die friese was, is dr. Jansen, ds. Paul Nel sr., dr. Gustav Preller, prof. ID Bosman en prof. SP Engelbrecht. Die marmer is uit Italië verkry. Die fries, so word verwys na al die tonele is in die ou mate 302 voet lank en 7½ voet hoog.

In die Monument is verder ingebou in die Ondersaal die Brander in die Marmernis. Hier brand 'n fakkel, vanaf die oorspronklike vlam aangesteek. D e fakkel is aangesteek deur mev. Tibbie Visser, die onderleidster van die Voortrekkerbeweging. Sy is die tweede jongste dogter van pres. MT Steyn. Haar eerste eggenoot was die eerste hoofleier dr. NJ van der Merwe. Sy het later onder bewind van die NP senator geword.

Dit is interessant om te lees dat die name van die drie hoeksteenleggers nie op die hoeksteen verskyn nie, dog net "'n agterkleindogter van Pieter Retief, 'n kleindogter van Andries Pretorius, 'n agterkleindogter van Hendrik Potgieter het gesamentlik hierdie hoeksteen gel e op 16 Desember 1938".

Die Monument is omsirkel deur 'n groot aantal ossewaens in laervorm uit klip uitgebeitel met 'n groot vooringang. Trappe voer die besoeker vandaar op tot in die Monument.

### **Die inwyding of ontsluiting**

Gedurende 1948 het die Herenigde Nasionale Party onder leiding van dr. DF Malan die algemene verkiesing gewen en het hy Eerste Minister geword. S o het hierdie volksleier, wat op 16 Desember 1938 die hoofredenaar by die eeufeesviering te Bloedrivier was, die uitnodiging van die SVK ontvang om die Monument op 16 Desember 1949 te ontsluit. Saam met hom het op die verhoog verskyn sy eggenote, regter C Newton Thompson, wie se voorgeslag 'n Bybel aan die Trekkerleier Jacobus Uys voor sy vertrek uit die Kolonie geskenk het en mev. Thompson, genl. Jan Smuts, dr. en mev. Jansen, mnr. en mev. Klaas Havenga en prof. B van der Leeuw van Holland.

Op daardoe dag het dr. Malan sy beroemde rede "Quo Vadis?" gelewer. Hy het die Monument nie net gesien as 'n huldebetuiging aan die Voortrekkers nie, maar ook as 'n rigtingwyser vir die toekoms. So s e hy: "En as u oog of die oog van u kinders tot in verre nageslagte daarop val, dan is bedoel dat u daarop sal lees 'n vraag....Dis hierdie diep ernstig en sielsdeursoekende vraag. Volk van Suid-Afrika, of ook u wat met trots op u bors slaan en uself 'n Afrikaner noem: Waar gaan jy heen? Suid-Afrika, waar gaan jy heen?" (Quo Vadis?). En teen die einde: "Dis u Quo Vadis-heiligdom, Afrikaner, nou en deur al die toekomende geslagte heen! As u weggedwaal het van die Voortrekkergees en -gedagte, as u die Voortrekkers wat u vandag huldig, met die daad verlo en...en u oog val op hierdie monument waar u en die Voortrekkers vandag in die gees...ontmoet; as daardie sielsdeursoekende vraag hom dan aan u opdring: Afrikaner, Quo Vadis, waar gaan jy heen? Staan dan stil en draai terug! Terug na u volk,...terug na u God!"

Hierna het hy, toe die sonstraal om twaalfuur die senootaf beskyn het, verklaar: "Die uur is nou daar. Die sonnestraal uit die hemel val nou op die sarkofoag....Ek gee nou die teken vir die ontsluiting van die monument". Terwyl ses seuns en ses dogters die swaar deure na binne oopgestoot het, het mnr. MC Roode die aandgesang: "Aan u, o God, my dankgesange" op die orrel gespeel en is klokke vir 'n klokkespel aangeskakel.

'n Blik op die Voortrekkermonument om vir ons iets van die groot betekenis van hierdie gebou tuis te bring. Het dr. Malan dit ons "Quo Vadis-heiligdom" genoem? Wat beteken die Monument vir u? Hy het ges e as u afgedwaal en verlo en het, kom die sielsdeursoekende vraag: "Quo Vadis, Afrikaner?" Moet ons nie begin om stil te staan,

te besin, om te draai na u volk en na u God en dan na u Geloofte, wat kragtens sy geskiedenis en inhoud nooit na "Versoen" herdoop kan word nie.

### **Enkele bronne**

Dirk Mostert (red.) 1940: Gedenkboek - Eeufees 1838-1938  
Botha MC (red.) 1952: Die Huldejaar 1949  
Du Toit, AC et al sj: Bloedrivierse Eeufees-Gedenkboek  
Die Voortrekkermonument - Amptelike Gids (na 1949 uitgegee)  
JJJ Scholtz e.a. 1964: Glo in u volk - dr. DF Malan as redenaar  
Die Voortrekkermonument - persoonlike besoek.

